Bepalings en voorwaardes vir lede-afslag by vakansieoord

1) Alle volopbetaalde lede van Solidariteit, Afriforum en Solidariteit Helpende Hand kwalifiseer vir 20%-afslag by die vakansieoord.
2) Slegs lede wat langer as ’n maand lid is, sal kwalifiseer vir 20%-afslag by die vakansieoord.
3) Lidmaatskap sal deur die vakansieoord nagegaan word voor die afslag bevestig word.
4) Lede moet self teenwoordig wees by die vakansieoord gedurende die tydperk waarvoor hulle ’n bespreking gemaak het.
5) Lede moet hul lidmaatskapkaart of identiteitsdokument aan die oord se ontvangspersoneel toon met aankoms.
6) Die afslag geld slegs vir een eenheid per gesin. Ten minste een lid van die gesin moet ’n lid van Solidariteit, Afriforum of Solidariteit Helpende Hand wees.
7) Indien meer as een lid van ’n gesin ’n lid by een van die Solidariteit Beweging se instellings is, kwalifiseer die gesin steeds vir ’n maksimum van 20%-afslag, slegs op een eenheid per gesin.
8) ’n Totaal van 20%-afslag word aan ’n lid toegestaan. Indien ’n gas lid is van meer as een van die Solidariteit Beweging se instellings, kwalifiseer hy/sy steeds net vir ’n maksimum van 20%-afslag.
9) Die voordeel geld nie tydens ’n Paasnaweek of in die periode vanaf die eerste dag van Desember tot en met die tiende dag van Januarie nie.
10) Alle lede vrywaar die Solidariteit Beweging van enige skade en/of koste voortspruitend uit eise wat die lid mag hê of opdoen gedurende sy verblyf by die vakansieoord.